VORM 3(3)

**STANDAARD VRAELYS:**

**LEWENSLOOP VAN VOLKSRAAD-KANDIDATE**

LEWENSLOOP EN PERSOONLIKE GEGEWENS

van

Jan Adriaan Schlebusch

(volle voorname en familienaam van kandidaat)

1. GEBOORTEDATUM: 4 November 1957

2. GEBOORTEPLEK: Bloemfontein

3. FAMILIE-AGTERGROND:

Oupa's en Ouma's:
Barend Johannes Schlebusch van Reddersburg
Cornelia Venter van Hagesdam (vise-president Koos Venter se kleindogter)
Isak Ludik van Bultfontein
Cornelia Wessels van Wesselsbron

Pa: Adi Schlebusch Boer van van Hagesdam en Volksraadslid vir Bloemfontein-distrik.
Ma: Wilhelmina Ludik van Bultfontein

Getroud met Annemarie van Gend van Somerset-Oos
Kinders: Jan Adriaan (Adi), geb 1989
Therese Michelle, geb 1991
Ludik Antonie, geb 1992

4. LAERSKOOL-OPLEIDING:

   Schoonvlakte Laer (Hagesdam, Bloemfontein-distrik)
   Jan van Riebeeck (Kaapstad)
   Gemiddelde leerling

5. HOËRSKOOL-OPLEIDING:

   Grey-kollege (Bloemfontein)
   Gemiddelde leerling

6. LOOPBAAN IN DIE WEERMAG, POLISIEMAG, INTELLIGENSIE- OF ANDER VEILIGHEIDSDIENSTE:

   Weermag: Diensvakskool (1980) troep
   Pantserskool (1981) troep
   Polisiereservis (1993-1999) konstabel

7. NASKOOLSE OPLEIDING:

   UOVS: 1975-1984
   BA Staatsleer en Ekonomie
   BA Honns: Staatsfilosofie
   MA: Staatsfilosofie (Konsosiasie-demokrasie)
   D Phil: Politikologie: 'n Vergelykende studie van die verteenwoordigingsfunksie van politieke partye in 'n partystelsel met streng dissipline teenoor 'n partystelsel met swak dissipline
   (Titel van Proefskrif – *waaroor ek geen sê gehad het nie*: Die struktuurtipiese funksionering van politieke partye in die moderne

konstitusionele demokrasie met besondere verwysing na die VSA en Nederland) Studeer by die Georgetown Universiteit en die Vrije Universiteit van Amsterdam.

8. BEROEPSGESKIEDENIS:

- UOVS: Dosent in Staatsleer Jan-Sep 1986
- Staat:
  Dept Nasionale Opvoeding: Navorser – Onderwysstelsels Okt 1986-Des 1987 (stel die amptelike beleidsdokument oor *Kultuurgebonde Onderwys* op); Skryf toesprake vir die Minister;
  Dept Nasionale Opvoeding: Hoof van die kantoor van die Direkteur-Generaal: Jan-Jul 1988
- Boer by Hagesdam 1988-2018. Eers met koring en Merinoskape en later met Angusbeeste;
- Georganiseerde Landbou:
  Dien op RPO van 1990-1994 – ook as ondervoorsitter van OVS RPO;
  Vrystaat Landboustudiegroep 1990-1994;
- TLU-SA: 1994-2018
  Dien op Uitvoerende Komitee 2000-2003
  Voorsitter van Vrystaatstreek 2000-2003
  Lid van Geestelike Weerbaarheidskomitee

9. HUWELIKSTATUS: Getroud met Annemarie van Gend met 3 kinders.

10. KERKVERBAND EN –GEMEENTE (met redes):

- Ortodoks-Hervormde Gemeente van Hagesdam (Huisgemeente)
- Bond van Gereformeerde Huisgemeentes
- Voorheen: NGK Bloemfontein (Tweetoring) Diaken. Verlaat gemeente as gevollg van *Kerk en Samelewing* en die uitspraak dat Apartheid sonde is;
- APK: 1991-2016 Diaken; Ouderling; Leier van Verbondsonderrig (Katkisasie); Ondervoorsitter van Kerkraad; Afgevaardigde na Sinode 2010. Verlaat die gemeente omdat
  i) die Sinode, ondanks herhaalde besware van verskeie gemeentes volhard in sy standpunt dat *ons nie weet wat bygevoeg is by, of weggelaat is met die oorskryf van die Bybel nie en dat ons nou die reg aan wetenskaplikes gee om voortdurend die inhoud van die Bybel te verander om vir ons 'n beter lesings te gee.* en
  ii) ons predikante weier om betrokke te raak by volksverootmoediging. Hulle meen *verootmoediging is net 'n persoonlike saak.*

11. ENIGE GELOOFSAKTIWITEITE OF -BETROKKENHEID BUITE FORMELE KERKVERBAND:

- Volkseie Verootmoedigingsaksie (VEVA)
- Calvinistiese Alliansie

- Reëlingskomitee Jaarlikse Hervormingsfees by Gereformeerde Gedenkmuur, Theunissen
- Bond van Gereformeerde Huisgemeentes

12. OORSIG VAN U BETROKKENHEID BY ENIGE SAKE IN VOLKSBELANG, OP WELKE TERREIN OOKAL, SEDERT DIE BEGIN VAN U VOLWASSE LEWE (Het enige optrede tot u persoonlike nadeel gestrek?):

- Bloemfontein-Suid Geloftefees: Dien op feeskomitee 1990-2018
  Voorsitter 1995-2018

- Politiek:
- NP Fauresmith Kiesafdelingsbestuur en Jeugverteenwoordiger 1978-1981 (Hoewel ek toe reeds beswaard was en nie vir die NP gestem het in die verkiesing nie).
- KP Fauresmith Kiesafdelingsbestuur 1981- April 1984 (gaan vir 'n jaar oorsee vir studies); weer op die bestuur Mei 1985- Jan 1986 (verhuis na Pretoria vir werk); weer op die bestuur 1988-1994
- BKA aktief van stigting tot 1994
- Afrikaner Volksfront: Dien op Landboukomitee tot 1994
- Lid van die Burgerraad van Bloemfontein 1996?

- Olien Trust: Welsynsorganisasie vir die opbou van die Boerevolk
  Trustee 1996-2000 ?

- Historiese Aansprake op Grondgebied in SA: Vestigingspatrone van die verskillende volke:
  Lewer 'n reeks radiopraatjies oor Radio Rosestad. 2003
  Publiseer 'n boekie oor die onderwerp 2003. Bestel gerus 'n eksemplaar ☺

- Dankbaar CVO: Dien op SOR 2006-2009; Voorsitter 2008-2009

- Geloftevolk Koördineringskomitee (GKK) 2010-2011 en 2014-2016; Voorsitter van die Teokrasiekomitee 2009-2010;

- Verootmoedigingsaksie: Volkseie Verootmoedigingsaksie (VEVA) 2015-2018 Skakelbeampte; Bedryf 'n Bakkiesblad met weeklikse gebedsversoeke en verootmoedigingstemas;

- Radio Rosestad: Medestigter en Trustee 1998-2004
  Trustee 2016-2018 Ondervoorsitter 2018

- AWB lid 2014-2018
- Suidlanders: Suid-Vrystaat bestuurslid en Geestelike leier. 2015-2018
- Boerelegioen: Kortstondig lid en Geestelike leier, maar ek deel nie die 'strewe' nie en het bedank.
- Lid van Oraniabeweging
- Lid van Hartlandstigting

- Lid van Anweskus
- Betrokke by Oranje Selfhelp

Alles kos my tyd en geld – ek weet nie of dit tot my persoonlike nadeel is nie! ☺

13. VRYETYDBESTEDING, STOKPERDJIES EN BELANGSTELLINGS:

- Bybelstudie;
- Lees boeke en artikels oor Christelike Politiek; Christelike Filosofie; en Christelike Teologie – veral oor die Verbond
- Skryf oor Christelike Lewensbeskouing en Christelike Lewe.
- Volksake
- Sosiale tennis

14. GUNSTELING KUNS EN MUSIEK:

Van kuns weet ek min.
Ek is baie lief vir musiek. Toenemend besef ek dat baie van my gunsteling sekulêre liedjies God-onterend is en ek probeer om dit af te sterf. Ek verlustig my in die Psalms en Gesange. Ons sing soggens en saans Psalms en Gesange.
Ek luister ook graag Geestelike ('Gospel')-musiek.

15. VERSKAF KORTLIKS DIE REDE(S) WAAROM U BEREID IS OM AS VOLKSRAADSLID TE DIEN:

Dit is my roeping voor ons Here om ons volk bewus te maak van die belangrikheid om voor God te verootmoedig in ware berou en ootmoed. Ook om aan ons volk uit te wys die slaggate en besmetting van Liberalisme (ek kom daarvandaan en het eerstehandse kennis). Die meeste van my tyd bestee ek daaraan. Verder om die dwaalleringe te bestry wat leer dat verootmoediging (en die oortuiging dat net God ons kan red) pasifisme beteken. Inteedeel, ware verootmoediging eis geloofsdade; en ook die dwaling te bestry dat die volkstryd apart van ons Godsdiens staan. Dit is my vaste oortuiging dat ons geroepe is om te stry vir volksvryheid, juis sodat ons God daardeur kan verheerlik.
Verder dat ons die volkstryd stry in Sy Naam en nie op eie krag nie. En dat ons bereid is tot geloofsdade Ons moet dit deurlopend privaat en in die openbaar aan vriend en vyand bely.
As ons Here julle lei om my as Volksraadslid aan te wys, sal ek dit beskou as julle toestemming dat ek my verder hiervoor beywer.

16. KORT UITEENSETTING VAN U GESONDHEIDSTOESTAND:

Ek sukkel bietjie met my bloedsuiker en mymaag, maar verder heeltemal gesond. Dankie Here!

17. ENIGE HELDE EN ROLMODELLE (insluitende u redes daarvoor):

- Koning Jesus, vir Sy verlossingswerk, liefde, goedheid en geregtigheid;
- Koning Dawid, vir sy opregtheid en toewyding, sy voorbeeld van berou en sy persoonlike verhouding met ons Here;
- Josua, vir sy geloof en vertroue;
- Dr Verwoerd en Pres Kruger, vir hulle visie moed en geloof;
- Genls De la Rey en Beyers, vir hulle vertroue op God om die Bybelse beginsels selfs in oorlog konsekwent uit te leef;
- Genls De Wet en Rommel, vir hulle moed en taktiese insig;
- Heinrich Bullinger, Edmund Burke, Groen van Prinsterer, Fredrich Julius Stahl, Totius en Rousas Rushdoony vir hulle Godsvrug en insig in die Bybelse leer van die verbond.

18. ENIGE ANDER PERSOONLIKE FEITE- OF INLIGTING WAT U MOONTLIK WIL VERSTREK EN VOLGENS U RELEVANT MAG WEES IN TERME VAN U VOLKSRAAD-KANDIDATUUR:

Ek is ‘n wedergebore kind van God. My grootste begeerte is om IN Jesus te bly en ons volk weer terug te bring na Hom toe.
Ek glo nie aan demokrasie nie. My strewe is ‘n vrye Boerevolk wat in gehoorsaamheid en afhanklikheid ‘n Godvresende en Godvererende volkshuishouding vir ons hemelse Vader sal oprig en besluite volgens Bybelse beginsels op konsensus-basis neem en waar ons verskil of onseker is, God se beslissing vra.

DIE OORSPRONKLIKE HIERVAN IS GETEKEN TE HAGESDAM

OP DIE 22E DAG VAN DIE MAAND AUGUSTUS IN DIE JAAR 2018.

..
Geteken: Jan Adriaan Schlebusch

AS GETUIES:

1 LOURENS JOHANNES JOUBERT
Geteken:……………………………

2 ……………………………………………..
Geteken: Annemarie Schlebusch